

# Die uitstappie (Deel 2)



LekkeLees.com

omnibus

**Hierdie reeks word opgedra aan my ma, Marie Snyman.**

**Ma is die rede dat ek skryf, my drome volg en nooit opgee nie!**

**† 1962 - 2022**

## **KOPIEREG WORD VOORBEHOU DEUR DIE SKRYWER.**

### **Neem kennis:**

Enige materiaal van [LekkeLees.com](http://LekkeLees.com) mag nie gedruk of versprei word sonder skriftelike toestemming van die skrywer nie. Indien u as skool, departement of individu die materiaal wil druk, versprei of gebruik vir enige ander doeleinde, stuur 'n e-pos na [lekkeleesdotcom@gmail.com](mailto:lekkeleesdotcom@gmail.com) vir toestemming.

*Wet op Kopiereg, 1978.*

**(omnibus — deel 2)**

“Ewww,” gril Mila en trek haar hand agter die bed uit. Sy het letterlik haar hele blikkie *Doom* nou uitgespuit en geen gogga sal durf naby *haar* bed kom nie.

Selfversekerd sit sy haar tas op haar bed en begin haar warm klere uitkry, reg vir vanaand se lantern-bekruip.

Sy haal haar nuwe flitsliggie uit en besluit sy gaan so bietjie skelm wees deur dit in haar baadjiesak te sit ... want wat as sy verdwaal?

“Kom nou, Mila — ons gaan laat wees!” skree Nienke vanaf die deur.

“Ja, en jy wil nie meneer skeeloog ontstel nie ... net-nou kom ontvoer hy jou in jou slaap!” lag Mienke terwyl sy die lig van die groot gebou afsit en hoor hoe Mila ’n klein gilletjie gee en vinnig agter hul aanhardloop.

Buite is dit al skemer en al die kinders van Laerskool Arcadia begin opgewonde saamdrom, reg vir aksie!

Mila *wens* sy het haar medeklasmaats se entoesiasme gehad.

“Hoekom lyk jy so bang?” vra ’n krakerige stem vanuit die donker agter haar.

Mila skrik so groot dat sy amper haar tong heel insluk. Sy kyk verward om en sien dan hoe Roelof die skeeloogman agter haar staan en haar weer soos vroeër vanmiddag reguit in die oë staar.

Mila is so stomgeslaan dat sy skaars ’n sin kan formuleer.

“*Uhm*, ek ... ek is nie,” stotter sy die leuen.

Die skeeloogman kyk na haar en skuur dan verby om voor die groep kinders te gaan staan.

Mila skud haar kop. *Aikōna*. Sy verbeel haar beslis nie — iewers is daar ’n slang in die gras — letterlik dalk ook dink sy, terwyl sy na die lang gras om haar kyk.

Die skeeloogman maak keelskoon, en al wat die kinders sien, is die skadu oor sy gesig.

“Almal gereed?” vra hy geheimsinnig.

“*Jaa-aaa*, meneer,” antwoord al die kinders in ’n koor, behalwe Mila wat net na almal om haar staan en kyk asof hulle *aliens* is.

“Wel, voor ons die berge ingaan, is daar eers ’n storie wat ek julle moet vertel — **die berggeheim**.

Al die kinders begin opgewonde naderstaan, want wie wil nou nie 'n lekker bangmaakstorie hoor nie?

*“Lank, lank gelede was daar 'n seuntjie wat gereeld saam met sy ouers in die bos gestap het.*

*“Eendag, terwyl die seuntjie en sy pa teruggestap het, het die seuntjie 'n vreemde lig in die bosse gewaar en sonder om te dink, het hy agter die lig aangegaan. Eers later het hy besef dat hy nie meer sy pa sien nie.*

*“Verwoed het hy begin soek en gil na sy pa, maar niks het gebeur nie.*

*Bang vir die bos en al sy giere het hy probeer skuiling vind. In sy soeke na skuiling het 'n vreemde lig hom gelei tot by 'n grot wat aan die kant van die berg versteek was. Die grot was donker en daar was klippe orals, maar daar was iets anders aan die grot, iets misterieus.*

*“Die seuntjie besef toe dat hy nog 'n flitslig in sy sak het, haal dit uit en skakel dit aan sodat die hele grot verhelder word. Daar was kristalle wat uit die dak uitgehang het, maar die belangrikste ding wat sy oog gevang het, was die skrif teen die muur.*

*“In klein prentjies op die muur wat een op die ander volg, het dit gelyk asof dit 'n aanwysing na 'n oeroue skat was ... “*

Die kinders gaap die man voor hulle aan, meegesleur deur die storie.

Mila snork, “*Mpf,*” wat 'n simpel storie is dit nie?

“Is — is die skat gevind?” vra een van die seuns nuuskierig.

“Tot vandag toe weet *niemand* wat die skat is of waar dit weggesteek is nie, en net sekere mense sal die geheim kan oplos,” antwoord die skeeloozman.

Mila trek haar skouers op en begin in haar sak vroetel om seker te maak sy het haar flitslig en dat sy die ekspedisie so vinnig as moontlik kan afhandel. Wie wil nou in lang gras gaan rondkruip op soek na 'n lantern? *Malligheid!*

“Toe nou, dis tyd,” antwoord die skeeloozman.

“Loop agter my aan en moet nie van die pad afdwaal nie.” waarsku hy gevaarlik.

“Die bos is nie ’n plek vir speel nie, daar is baie gevare wat jou om elke hoek en draai kan bekruip.”

Mila gril vir die manier waarop die skeeloozman dit sê ... so asof hy iets weet wat hulle nie weet nie.

\*\*\*

Die bos is stil en al wat sy hoor is die voetstappe van die kinders wat deur die donker bos stap op pad na hul lantern-bekruip.

Mila loop langs haar vriendinne, maar kan nie help om te voel asof daar iets anders aan die omgewing is nie — so asof die natuur met haar praat?

Mila skud haar kop ... sy is beslis besig om mal te raak! Sy hou nie eens van die bos nie, hoekom sal sy voel iets praat met haar?

Die kinders stap agter Roelof aan, al dieper die bos in.

Mila begin te nies toe sy deur die ruig strook van grasade stap.

“Urg,” grom sy.

“Hou op so bangbroek wees, Mila,” lag Mienke en Nienke terwyl hul vooruit loop en Mila heel agter in die groep loop en skepties om haar kyk.

Terwyl al die kinders agter Roelof die donker inloop, kyk Mila nuuskierig om haar en wonder waar daai grot sal wees en wat eintlik daarin wegkruip.

Ewe skielik stop almal voor haar en loop sy in Bennie vas wat voor haar loop.

“Eina,” fluister Bennie vies en gluur Mila aan.

“Hou op kla,” fluister Mila terug en trek Bennie se oor.

\*\*\*

“Aandag almal ... die tyd het aangebreek — die lantern-bekruip gaan nou begin!”

Daar heers ’n skielike stilte oor almal. Die kinders kyk benoud om hul rond om te sien waar almal is en wat hulle nou moet doen.

“So ... die lantern is iewers in die veld weggesteek en dit is *julle* werk om dit te vind.

“Die enigste reël is dat julle nie van die grondpad mag afdwaal nie ... anders wag daar *groot* moeilikheid vir almal,” sê Roelof.

Mila kyk hom aan vir so paar sekondes en besluit dat sy *nie* na die man gaan luister nie!

Nee ... iets aan hom laat haar dink dat daardie storie nie net *nog* 'n kampstorie was nie, maar dat daar waarheid daarin steek!

Mila val agter Nienke en Mienke in en loop al met die grondpad langs.

Daar is so baie klippe in die grondpad dat Mila besluit om aan die kant van die grondpad te loop waar dit effens meer gelyk is.

“*Urg*, wie wil nou *hier* wees?” mompel Mila.

“Gereed, *GO*” hoor sy Roelof die skeeloozman hard uitroep.

Al die kinders laat spaander in verskillende rigtings en elkeen probeer vinniger as die ander een te hardloop om *eerste* by die lantern uit te kom.

Mila staan vir 'n oomblik stil en bekyk die mal spul kinders wat soos *hooligans* agter 'n kers aan hardloop!

Sy gaan dit *beslis* nie doen nie.

Soos Mila rustig aanstap, onbewus van die res, sien sy 'n klein liggie dofweg in die donker skyn. Die liggie beweeg heen-en-weer van die een tak na die ander en is 'n skynsel wat Mila nog *nooit* gesien het nie.

Sonder om te dink, vergeet Mila dat sy *nie* mag afdwaal van die grondpad nie, en met haar oë op die bewegende liggie, stap sy die veld in.

Sy vee die takke weg, trap oor groot graspolle en moet eers stilstaan om te kyk waar die lig is.

“*Ah-ah*,” sê sy toe sy weer die lig gewaar en spring oor 'n miershoop om die lig verder te volg.

Mila kom tot stilstand toe sy skielik iets in die gras hoor roer.

Wat is dit? Dalk 'n krokodil wat haar wil opvreet?

“*Hallooo!*” roep Mila bang.

“Is iemand daar?”

Mila beweeg een tree vorentoe, kyk om die bossie voor haar en besluit dan om eerder net daar te gaan sit en wag vir die liggie om weer te verskyn.

“*Hallooooo*, kyk hierso,” antwoord 'n skril stem in die donker.

Mila bly versteen sit en is seker dat haar ore deur die bos getoor word!

“*Joe-hoeeeeeee*,” hoor sy die stem vanuit die bosse.

Mila begin bewe en kyk angstig om haar rond, wie kan dit wees?

“Kyk op, jou dommie,” antwoord die stem bokant haar kop.

Voor sy 'n woord kan uiter, sien sy dit ...

***Wie is die stem wat vir Mila in die donker fluister? En wat gaan volgende met Mila in die bos gebeur?***